

**Vrydag 29 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 99; HK Sondag 4, Antwoord 11**

**Fokusgedeelte: Psalm 99:8**

### **God se regverdigheid en barmhartigheid bots nie**

Die laaste bedenking wat die sondige mens na vore bring om aan God se regverdige straf oor die sonde (vgl. 25 Jan.) te ontkom, is dat dit in stryd met God se barmhartigheid is. Oënskynlik word daar steun gevind vir so 'n siening in Psalm 99:8: *“U was vir hulle 'n vergewende God, maar Een wat ook hulle sondes gestraf het.”* Tereg is van die betrokke woorde in Psalm 99 gesê dat ons net met 'n oënskynlike teenstrydigheid te doen het. Gesien in die lig van die Skrif as geheel, is daar geen teenstrydigheid nie.

Die siening dat God se regverdigheid in stryd sou wees met sy barmhartigheid is egter 'n valse probleemstelling. Dit kom daarop neer dat sy deugde of eienskappe in botsing is met mekaar en dat Hy in Homself verdeeld is. Die blote gedagte dat daar so 'n innerlike verdeeldheid by God is, tas sy heerlikheid en Godheid aan. Dan sou ons God teen God probeer uitspeel.

God se deugde kan nooit van mekaar geskei word en teenoor mekaar gestel word nie, want God *is* sy deugde: Hy is volkome regverdig en Hy is volkome barmhartig. Sy barmhartigheid kan nooit sy geregtigheid tersyde stel nie. Omgekeer kan sy geregtigheid nooit sy barmhartigheid kanselleer nie.

Hierdie eensydige sienings van God word ook vandag aangetref. Enersyds is daar mense wat net van lieue Jesus praat en van die liefde van God wat alles verdra en alles vergewe. Andersyds is daar mense wat God as 'n wrede tiran beskou wat die mensdom tot eie bevrediging op 'n aangrypende wyse laat ly. Albei hierdie sienings is heeltemal onwaar en onbybels.

Volgens die Skrif is daar geen botsing tussen God se geregtigheid en sy liefde nie; intendeel, hulle staan in volkome harmonie met mekaar. Hierdie harmonie word helder en duidelik aan ons geopenbaar in Jesus Christus wat ter wille van ons gekruisig is. Aan die kruis sien ons hoe Christus aan die geregtigheid van God voldoen as Hy in ons plek met die ewige straf na liggaam en siel gestraf word. Aan die kruis sien ons egter ook die onbegryplike groot liefde van God wat Paulus soos volg vertolk: *“Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom”* (2 Kor. 5:21; 1953-vertaling).

God se genade, liefde en ontferming oor ons is dus oneindig groot. Hy betoon egter sy genade en barmhartigheid nie ten koste van sy reg en geregtigheid nie, wel met die noukeurige handhawing daarvan.